

Sing vooraf staande: Psalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldendes gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 118:13, 14 (p. 579)

- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.
- 14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Gebed

Skrifberyming 4-8:1, 2 (5:1, 2)

- | | |
|--|--|
| 1 Die Woord het vlees geword
en onder ons gewoon.
Ons het sy heerlijkheid aanskou,
die van Gods eenge Soon; | 2 die heerlijkheid van Hom
wat van die Vader kom,
wat vol genade en derenis
en vol van waarheid is. |
|--|--|

Skriflesing: Handeling 1:9-11; Romeine 9:1-18;

Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 19

Kernvers: Romeine 9:5

**Hulle stam van die aartsvaders af, en uit hulle is die Christus as mens gebore –
Hy wat God is verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig. Amen!**
(Romeine 9:5 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 19

Die twee nature van Christus

Ons glo dat deur hierdie heilige ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie, maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde (Heb 7:3) en hemel en aarde vervul, só het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort.

Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy die egtheid van sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is. Hierdie twee nature is só saam in een Persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie.

Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het. Die Goddelike natuur het in die tussentyd steeds met die menslike natuur verenig gebly, ook toe Hy in die graf gelê het. Die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie; dit was in Hom toe Hy 'n klein kindjie was, al het die Godheid Hom toe 'n kort tydjie nie geopenbaar nie. Ons bely daarom dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe.

Matt 28:20; Joh 10:13; Efes 4:8, 12; Heb 7:3; Matt 26:11; Hand 1:11; 3:21; Luk 24:39; Joh 20:25; Hand 1:3; Matt 27:50.

Tema: Ter wille van ons saligheid is en bly Jesus Christus ware God en ware mens

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het reeds in Artikel 10 van ons Nederlandse Geloofsbelofenis gesê dat Jesus Christus waaragtig God is. Hy is die Seun van God uit die Vader gebore, en nie gemaak of geskep nie anders sou Hy 'n skepsel van God gewees het. As Seun van God bestaan Hy saam met die Vader en die Heilige Gees van ewigheid af tot in alle ewigheid. Die Seun van God het dus geen begin of einde nie.

Aan die hand van Artikel 18 het die Heilige Gees ons verlede Sondag daarop gewys dat Jesus Christus 'n waaragtige mens is. Hy is soos alle mense uit 'n vrou gebore. Hy moes leer loop, leer praat, het pyn en hartseer, vreugde en blydschap beleef. Soos alle mense is Jesus ook baie maal versoek, maar Hy het nooit gesondig nie, want Hy is 'n regverdige mens. In ander woorde gesê: Hy is 'n sondelose mens, sonder erfsonde of 'n sondige geaardheid. In alle ander opsigte was Jesus as mens net so swak soos ons in die sin dat Hy ook kon sterf, en Hy het ook gesterf.

Vir ons is dit dan ook nie moeilik om te bely dat Jesus Christus ware God en ware mens gelyktydig is nie. Ons het as Christene grootgeword met hierdie belydenis aangaande Christus, want ons bely saam met die kerk van die vroegste tye af die Twaalf Artikels en die Belydenis van Nicea. Maar die feit dat die kerk al van die vroegste tye af bely dat Jesus Christus ware God en ware mens gelyktydig is, beteken nie dat alles hieroor gesê is nie.

Die kerk is nog nooit met rus gelaat oor die dwalinge wat aangedryf word deur die Satan nie. Deur die eeue het mense met allerhande vreemde uitsprake probeer sê hoe Christus tegelykertyd God en mens is. Aangesien hulle hierdie geheimenis deur middel van mens-like wysheid probeer verduidelik het en nie onder die heerskappy van die Heilige Gees en God se Woord wou buig nie, het hulle voortdurend van die een na die ander kant toe geval. Sommige het erken dat Christus 'n menslike liggaam en siel gehad het, maar die plek van die menslike gees is deur die Godheid van Christus ingeneem. Ander het weer gesê dat die mensheid en Godheid geheel en al in 'n eenheid saamgesmelt het, soos koue en warm wat bymekaar gegooi is. Die water is dan nie meer koud nie en ook nie warm nie. Nog ander het weer die mensheid en Godheid van Christus so los van mekaar gesien dat dit lyk asof hulle eerder van twee verskillende Christusse praat as van een.

Daar is Christene wat sal vra of dit regtig nodig is dat ons oor die twee nature van Christus so baie moet sê. Gaan dit regtig aan my geloof tekort doen as ek nou nie so baie daarvan weet nie? Geliefdes, ons leef ongelukkig in 'n tydvak waarin mense graag konflik wil vermy en eerder soek na die dinge waar ons met alle ander mense ooreenstem en dan moet ons op daardie gemeenskaplike sake konsentreer. Ons moenie dink dat hierdie soeke na samewerking die dwalinge gaan laat verdwyn nie. Dwalinge sterf nie uit nie; hulle trek net 'n ander baadjie aan. Die mense wat hulleself by die Nuwe Hervorming skaar, maak ook 'n skeiding tussen die Godheid en die mensheid van Christus.

Eintlik wil hulle nie vir Jesus meer as God beskou nie. Vir hulle is Hy net 'n baie goeie en voorbeeldige mens wat vir ons net 'n voorbeeld van 'n goeie lewe kom stel het.

Juis omdat daar deur die eeue soveel dwalinge gekom het oor die verhouding tussen Christus se menslike natuur en sy Goddelike natuur, het die Heilige Gees die kerk van die vroegste tye af gelei om hieroor duidelik te sê wat sy glo. Daarom bely ons in Artikel 19 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis hoe God self die verhouding tussen die menslike natuur en die Goddelike natuur van Christus aan ons openbaar.

Die kern van hierdie Artikel is die woorde wat ons in die heel eerste sin bely: ***Ons glo dat deur hierdie heilige ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie, maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou.***

Wat ons hier bely, sê die Heilige Gees ook vir ons in ons kernvers. Christus is as mens uit die Jode gebore. En in dieselfde asem word daar aangaande Christus verklaar –

Hy wat God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig! (Romeine 9:5b AFR83)

Die Seun van God het as ware God uit die hemel neergedaal en in die moederskoot van Maria ingegaan. Hy wat van ewigheid af God is en in die heerlijkheid van sy Vader deel, het Homself verneder deur in die skoot van Maria in te gaan. Dus, van die oomblik af wat die Heilige Gees die lewe in Maria gewek het, was die Seun van God reeds binne-in haar en het Hy die ware menslike natuur uit haar aangeneem.

Toe Maria se eerste Kind daar in Betlehem gebore is, het hulle inderdaad 'n ware mens ontvang. Hy was 'n klein babatjie wat gehuil het as Hy honger was, sy doeke moes omgeruil word en aan sy moeder se bors is Hy gevoed om te kon groei. Maar die Goddelike natuur van die Seun was verenig met die menslike natuur van die babatjie. Daar in die krip het Jesus gelê, 'n ware mensbabatjie en tegelykertyd ook God. Jesus het die geaardheid en eienskappe van 'n mens saam met die geaardhede en eienskappe van God. Die twee nature van God en mens is dus in die een Persoon Jesus Christus verenig.

Jesus se menslike natuur is egter nooit deur sy Goddelike natuur oorgeneem of sodanig beïnvloed dat Hy as klein babatjie nie meer die behoeftes van 'n mensbabatjie gehad het nie. Sy Goddelike natuur is ook nie deur sy menslike natuur beïnvloed dat 'n mens sou kon sê dat God 'n baba is nie. Jesus was die baba gewees terwyl Hy ware God en ware mens gebly het.

In die volgende sin van hierdie Artikel sê ons nog duideliker wat ons daarmee bedoel dat die twee nature van Jesus hulle onderskeie eienskappe behou het. ***Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde en hemel en aarde vervul, só het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort.***

Jesus se Goddelike natuur het nie binne-in Maria se skoot ontstaan of begin bestaan nie. Vanuit die hemel het sy Godheid na die aarde neergedaal en in haar ingegaan. Maar toe die Godheid van Jesus in Maria ingegaan het, was God nie uit die hemel weg nie. Sy Godheid was nie in die wordende Babatjie en later Kind se menslike liggaam van Jesus ingeperk nie. Sy Goddelike natuur het steeds die geaardheid behou wat Hy van ewigheid af gehad het, naamlik om alomteenwoordig te wees, almagtig en alwetend. Jesus se Godheid kan nie sy eienskappe verloor nie, want as dit sou gebeur sou Hy nie meer ware God wees nie.

Daarom bely ons verderaan in hierdie Artikel dat ***die Goddelike natuur*** van Jesus nooit ***opgehou***

het **om in Hom te wees nie**. Sy Goddelike natuur was in Hom toe Hy 'n baba was, toe Hy 'n kind was, toe Hy 'n volwasse man was, toe Hy aan die kruis gehang het en toe Hy in die graf was. Maar die Goddelike natuur van Jesus was nie vir almal altyd herkenbaar nie. Die Seun van God het sy Goddelike natuur verberg agter sy menslike natuur wat Hy aangeneem het. Daarom het baie mense Jesus net as 'n gewone mens aangesien. Vir baie Jode was Hy maar net die seun van Josef die skrynerwerker in Nasaret. Die priesters en skrifgeleerdes het Hom aangesien vir 'n moeilikheidsmaker van wie hulle ontslae moes raak.

Maar afgesien daarvan dat Jesus sy Goddelike natuur deur die Heilige Gees aan sy dissipels bekend gemaak het, het Hy nie altyd sy Goddelike natuur vir almal verberg nie. Al die wonders wat Jesus gedoen het, was die bewys dat Hy meer as 'n gewone mens is, want Hy doen die werke van God. Die Here Jesus het ook in woorde aan die Jode bekend gemaak dat Hy meer as 'n mens is toe Hy vir hulle gesê het:

Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is.
(Johannes 8:58 AFR83)

Met hierdie woorde het Jesus dit duidelik gestel dat Hy ook God is en Hy het van sy Goddelike natuur gepraat wat nie 'n begin van dae het nie maar van ewigheid af saam met die Vader en die Heilige Gees bestaan.

Sy menslike natuur het ook nooit sy eienskappe verloor nie. Soos alle mense was dit 'n skepsel van God wat op 'n bepaalde tydstryk begin lewe het. Nooit het sy Goddelike natuur sy menslike natuur oorgeneem nie. As mens het Jesus net soos ander mense behoefte aan kos, water en rus gehad. Sy ma het Hom gesoek soos alle ma's met hulle babas doen. Na 'n lang ent se stap het Hy vir die Samaritaanse vrou water gevra by die put naby Sigem omdat Hy dors was. Toe Hy moeg was, het Hy op die bankie agter in die skuit geslaap. Selfs wat sy verstandelike vermoëns betref, het Jesus ook 'n ware mens gebly. Ons weet dat Jesus verstandelik en liggaamlik gegroei het, want die Heilige Gees sê dit vir ons aan die einde van Lukas 2. In daardie stadium was Jesus maar twaalf jaar oud.

As mens is Jesus ook versoek om teen God se wil op te tree. Dit weet ons uit die twee vertellings van Jesus se versoekings deur die Satan in die woestyn. Soos ander mense was Hy ook hartseer toe iemand vir wie Hy lief was, gesterf het. Maar dit is in die tuin in Getsemane waar ons die menslikheid van Jesus baie duidelik raaksien en hoor praat. In daardie nag voor die kruisiging het Hy beangs geword, want Hy het reeds geweet dat Hy die volgende dag baie swaar sal ly. Uit vrees om die beker vol van God se toorn oor die sonde te drink, het Hy sy Vader gesmeek om die beker by Hom te laat verbygaan as dit die Vader se wil is. Uiteindelik sterf Jesus dan aan die kruis, want Hy is 'n ware mens wat eindig van natuur is. En dit was die wil van die Vader dat Hy juis as Verlosser die beker van God se toorn leeg moes drink.

Toe Jesus sy asem aan die kruis uitgeblaas het, het sy liggaam en gees van mekaar geskei, soos wat dit met alle mense gebeur wanneer hulle sterf. Daarom bely ons: **Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het.** Maar daarmee het Jesus nie opgehou om ook ware God te wees nie. Sy Godheid het nie gesterf nie, want Hy is van ewigheid tot ewigheid God. Selfs in die graf was Jesus se Goddelike natuur met sy menslike liggaam verenig. Hierdie twee nature van Jesus is nie eers deur die dood van mekaar geskei nie.

Deur die krag van sy Goddelike natuur het Jesus na drie dae uit die dood opgestaan. Sy menslike gees het weer met sy menslike liggaam verenig, sodat Jesus as ware mens en ware God uit die graf uitgegaan het. Alhoewel die Seun van God aan sy menslike natuur die onsterflikheid gegee het toe Hy uit die dood opgestaan het, het sy menslike natuur steeds die eienskappe behou wat by 'n ware liggaam behoort. As mens kon Jesus nog steeds eet en drink, sy dissipels kon steeds aan Hom raak.

En soos alle mense kon Hy as mens net op een plek wees. Sy menslike natuur het nie nou alomteenwoordig geword nie. Daarom, as ware mens en ware God, het Hy opgevaar na sy Vader in die hemel. En die engele sê vir die dissipels dat ons Hom weer so op die wolke na die aarde sal sien kom soos wat hulle Hom gesien opvaar het.

As ware mens kan Jesus nou net op een plek wees. Dit is aan die regterhand van sy Vader in die hemel. Maar steeds kan sy Goddelike natuur nie in sy menslike liggaam ingeperk word nie. Sy Goddelike natuur is nou steeds met sy menslike natuur verenig en Hy is ook na sy Godheid hier by ons teenwoordig. Daarom sê Hy vir sy dissipels:

En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.
(Matteus 28:20 AFR83)

Ons kan ook verseker weet dat waar twee of drie vandag nog in die Naam van Jesus vergader, Hy self na sy Godheid by hulle teenwoordig is.

Geliefdes, dit is nou goed en wel dat ons al hierdie dinge aangaande ons Here Jesus Christus bely. En wat ons bely, is ook in ooreenstemming met die Woord van God, maar dit gaan ons niks baat as al hierdie woorde maar net verstandskennis bly nie. Hierdie woorde moet ook geloofskennis word. Van ons verstand af moet dit tot diep in ons hart insink sodat ons waarlik getroos kan lewe en sterwe in die Here.

Daarom, as iemand jou vra hoekom glo jy met jou hele hart en bely jy met jou mond dat Jesus Christus ware God en ware mens gelyktydig is, is daar net een antwoord wat ons kan gee: **Ons saligheid en opstanding is van die egtheid van sy liggaam afhanklik.**

Wanneer ons hartseer, pyn en swaarkry ly, kan ons verseker weet dat ons Koning en Verlosser weet watter swaarkry ons beleef. Hy weet hoe maklik ons onder die druk van swaarkry kan swig, want Hy het ook 'n menslike natuur. Wanneer ons bang is vir vervolging en die dood kan ons verseker weet dat Hy hierdie vrees van ons verstaan. As mens was Jesus self bitter beangs vir die dood. Wanneer ons in versoekings kom en met al ons kragte daarteen stry, kan ons verseker weet dat Jesus ook weet wat versoekings is. Hy is vir veertig dae en veertig nagte aanhoudend deur die Satan in die woestyn versoek. As ons enigste Hoëpriester het Jesus dan ook met ons swakhede medelye, want Hy verstaan geheel en al wat dit is om 'n swakke mens te wees.

Maar dit is veral en eintlik wanneer dit kom by ons betaling van ons sondeskuld dat Jesus se egte menslike natuur vir ons troos gee. Die straf op die sonde is die dood en niemand anders as die mens moet daarvoor betaal nie, maar die mens kan nie betaal en bly lewe nie. Daarom het Christus Homself verneder en na hierdie wêreld gekom. As mens sterf Hy dan aan die kruis om ons sondeskuld ten volle te betaal. As mens staan Hy ook uit die dood uit op, want Hy is ook waarlik God. Met die krag van sy Goddelike natuur oorwin Hy die dood, want slegs omdat Hy ook God is, kon Hy die straf en oordeel van God oor die sonde in ons plek dra en weer lewendig word.

Met Christus se opstanding uit die dood verseker die Heilige Gees ons dat ons ook eendag weer lewendig uit die dood sal opstaan. Omdat Jesus as ware mens nou by sy Vader in die hemel is, verseker die Heilige Gees ons dat God met die mens versoen is. Ons sal ook eendag as mense weer voor die alsiende oë van God mag verskyn sonder om bang te wees dat ons sal sterf.

Geliefde broer, suster en kind, mag die Heilige Gees hierdie waarheid van Jesus se menslike en Goddelike natuur aan elkeen van ons se harte verseël. Mag Hy ons met die Woord van God so versterk dat ons staande sal kan bly teen die aanvalle van die dwalinge. En mag Hy ons so lei dat ons hierdie troos elke dag in ons eie lewe sal ervaar en ook aan andere wat nog nie getroos is nie, hierdie troos kan verkondig.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 4-7:1, 2 (3:1, 2)

- | | | | |
|---|--|---|--|
| 1 | Neem nou maar, Heer, u kneg / na u belofte weg,
en laat hom gaan in vrede – / nou hy die saalge dag,
so lank deur hom verwag, / gesien het op sy bede. | 2 | 'n Lig het opgegaan, / 'n helder stralebaan
skiet deur die donker wolke. / Dit is Immanuel,
die Vors van Israel, / die Lig van alle volke. |
|---|--|---|--|

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
23 Desember 2012